26 MAART 2020
HERDERSBRIEF #12

Geliefde Gemeente,

Die ***regverdige Regter*** : wag op ons gebede; sal ons verhoor; se goedertierenheid is tot in alle ewigheid. ***(Ps. 118:3 en 4)*** Nou is 'n tyd om te bid. Kom, asseblief, en bid saam met my, maar dan beteken dit **BID**. Dit beteken om jou saak teenoor God te pleit.

***Jesaja 43:26 "Maak My indagtig; laat ons teen mekaar pleit; vertel jy, dat jy in die gelyk gestel kan word."***

Kom, ons praat met God. Kom, ons praat die taal van ons hart. Kom, ons hou op om godsdienstig te klink. God vra nie 'n spesifieke woordeskat nie. Ons gebede durf nie volgens 'n dogma wees nie.

Wees tog net asseblief, opreg. Wees eerlik. Wees spesifiek. Kom ons verneder ons onder die kragtige hand van die Here.

Mag daar in hierdie tyd 'n herlewing in ons binneste plaasvind. Sonder die toedoen van 'n mens, sonder fieterjasies, sonder 'n geestelike opgesmuktheid, en definitief sonder 'n gejaagdheid.

Die behoefte om jou hart voor God uit te stort, sonder om die tyd dop te hou. Vra die Heilige Gees om deur jou te bid: Bid uit jou gees uit. Ruim tyd in, dat dit tog net deel van jou prioriteitslys sal wees. Dit is wat ***Lukas 11:9*** ons leer: *"Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word."* ***Lukas 18:7*** *"Sal God dan nie reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval?"* ***Lukas 18:8*** *"Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen; maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?"*

***"Die goddelose is soos 'n onstuimige see; want dit kan nie tot rus kom nie en sy waters gooi slyk en modder op." (Jes. 57: 20)*** Is dit hoe die Suid-Afrikaner tans funksioneer? Is dit die gedrag in inkopiesentrums? Is dit die paniek wat in sommige gevalle heers? Is dit die vrees en die atmosfeer wat heers, wanneer 'n vrou haar kind

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

in die openbaar uitskel? Wanneer ‘n motoris in sy ongeduld, my amper om ry? Wanneer die een vir die ander een toeter blaas? Wanneer astrante arrogansie, aan die orde van die dag is?

Daarteenoor staan die gelowige: **God skep die vrug van Sy lippe; vrede, en weer eens vrede, met die wete God sal ons genees.** ***(Jes. 57:19)***

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335